# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (41/20)

**(Volg my op Twitter justchad_cga)**

*Justin Chadwick 9 Oktober 2020*

""Vision without action is a day dream, Action without vision is a nightmare." ***Japanese Proverb***

## MYLPALE BEREIK IN 2020 TE MIDDE VAN COVID-19 REGULASIES EN WAT ONS GELEER HET

Ondanks die impak van die Covid-19 regulasies op die logistieke ketting, is 'n aantal belangrike mylpale in 2020 behaal. Die grootste mylpaal is die feit dat 146 miljoen kartonne (nog nie afgehandel nie) uitgevoer is, wat gelykstaande is aan 1,85 miljoen palette, ongeveer 66 100 vragmotor ritte na koelkamers in die hawe en 83 000 houers wat verskeep is, plus 198 000 palette wat in konvensionele skepe vanaf ons vier hoofhawens verskeep is. Dit is beslis 'n wonderlike prestasie as jy die vele hindernisse in ag neem wat die bedryf van 27 Maart (Covid-19 inperking) tot nou toe ondervind het. Ons moet beslis elke persoon en elke organisasie in die waardeketting bedank vir hul bydrae en dat hulle dit moontlik gemaak het. Sommige meen dat dit ‘n groot uitdaging sal wees om op hierdie seisoen te verbeter. 'n Ander groot mylpaal, en beslis 'n belangrike les, is die feit dat daar 'n toename van 33% in konvensionele skepe was. Verskepings na Japan, China, die VSA (met 'n rekord van 12 skepe hierdie jaar), die EU en Rusland het ongelooflik vlot verloop, terwyl baie verskeping in houers vertraag was. Konvensionele skepe het bewys dat dit ‘n ongelooflike strategiese deel van die logistieke ketting is en dit moet 'n belangrike instrument bly om hierdie belangrike markte te bedien. Soos Suider-Afrika se sitrus uitvoervolume groei tot ongeveer 170 miljoen kartonne (ongeveer 105 000 houers), sal die druk op die houers se logistieke ketting waarskynlik toeneem. Stel jou voor dat in die toekoms, 'n jaar met 170 miljoen kartonne wat uitgevoer moet word, met soortgelyke ontwrigtings in die hawe se houer terminale as hierdie jaar, sonder konvensionele skepe - dit is eenvoudig ondenkbaar! Verder was daar 'n aansienlike toename in houers wat na Durban per spoor gegaan het vir uitvoer. Houers is per spoor van Bela Bela, Tzaneen, Musina en City Deep se sylyne gebring en het meestal al die beplande verskepings gemaak.

Vandag het die GoGo-groep 'n groot kontingent van provinsiale en munisipale leiers in Limpopo by die pakhuis- en koel kamer fasiliteite in Marble Hall gehad. Die doel was dat die "Limpopo Economic Cluster" kon sien hoe die GoGo-groep spoorvervoer suksesvol in hul logistieke ketting geïntegreer het, 'n strategiese stap wat enkele jare gelede geïmplementeer is. Die GoGo-groep het hierdie seisoen 70% van al die houers na Durban per spoor gestuur en 100% van al hul uitvoere. Dit is 'n model wat MEC Mokone, die voorsitter van die "Limpopo Economic Cluster" graag wil sien wat na alle vernaamste sitrusentrums in Limpopo uitgerol moet word. Die afgevaardigdes het gesien hoe die Limpopo-provinsie beperk sal word met vervoer, namate die produksie toeneem. Ons voorsien dat die vraag na padvervoer beslis meer as die aanbod sal wees. Spoorvervoer van sitrus vanaf sentrums regoor Limpopo is van die grootste belang om te verseker dat die produk die hawens vir uitvoer kan bereik. Die vervoeruitdagings wat produsente hierdie jaar in die noorde ervaar het, is nog ‘n leerkurwe van hoe belangrik spoorvervoer vir hierdie streek is.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Miljoen 15 Kg Kartonne tot einde Week 40 | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AgriHub** | **2018** | **2019** | **2020** | **2019** | **2020** | **2020** | **2020** | **2019** |
| Pomelo's | 20 m | 16.1 m | 15.5 m | 15 m | 14.7 m | 16.7 m | 15.6 m | 16.1 m |
| Sagte Sitrus | 16.1 m | 18.2 m | 23.6 m | 17.4 m | 23.2 m | 23.3 m | **24.3 m** | 18.2 m |
| Suurlemoene | 19.7 m | 22 m | 29.4 m | 19.4 m | 24.8 m | 26.4 m | 29.8 m | 22.1 m |
| Nawels | 26.6 m | 24.3 m | 26.2 m | 22.6 m | 24.2 m | 26.5 m | 26.2 m | 24.3 m |
| Valencias | 53 m | 46.6 m | 53.8 m | 43.4 m | 46.4 m | 50.4 m | **53.9 m** | 46.8 m |
| **Totaal** | **135.4 m** | **127.2 m** | **148.5 m** | **117.8 m** | **133.3 m** | **143.3 m** | **149.8 m** | **127.5 m** |